## WAT IS ’N KLUSTER?

**Alle Stellenbosch-klusters ontmoet op Saterdag 26 Januarie van 09:00 – 13:00**

Nuwelingstudente sluit aan by ’n kampus wat in luister-, leer- en leefgemeenskappe (LLL) verdeel is. Al die klusters, koshuise, Privaatstudente-organisasies (PSO’s), mentorgroepe, tutorgroepe, en die luister-, leer- en leefhuise vir senior studente maak deel uit van LLL. Die doel van LLL is om die buite-klas-ervaring en die binne-klas-ervaring te integreer om akademiese sukses en ’n goed afgeronde opvoeding vir studente te verseker.

**Klusters**
’n Kluster bestaan uit ’n aantal koshuise en een of twee PSO-gemeenskappe. Klusters speel ’n belangrike rol in die integrasie en ondersteuning van nuwelingstudente op kampus, en verseker dat studente die Universiteit as ’n plek van omgee en koestering ervaar. Klusters integreer ook die universiteitservaring van koshuisstudente en studente in privaat huisvesting.

**Mentors**
Mentors word aangestel om nuwelingstudente met hul aanpassing by die universiteitslewe te help en word in klusterverband toegeken. **Vind so gou moontlik uit wie jou mentor is**. Klusters word toenemend gebruik om die Universiteit te organiseer, bv sommige fakulteite maak van klusters gebruik as grondslag waarop vaktutorgroepe ingedeel word.

Die koshuise en PSO’s behoort tot een van ses klusters op Stellenbosch-kampus. Tygerberg-kampus maak ’n sewende kluster uit.

**Klusterbyeenkoms (slegs Stellenbosch-kampus)**
Nuwelingstudente kom van 09:00 – 13:00 op Saterdag 26 Januarie in hul klusters byeen waar hulle sal leer hoe hulle sosiale inskakeling by die Universiteit ook hul akademie kan ondersteun. Studente ontmoet ander in hul kluster wat in dieselfde rigting studeer en leer hoe hulle by die ResEd-inisiatief kan inskakel sowel as hoe mentors hulle kan help. Boonop word hulle bekendgestel aan die akademiese steungroepe aan die Universiteit, soos die Akademiese Belangeraad (ABR).

**Samestelling van klusters**

| | |
|---|---|
| **amaMaties** | Capri, Equité, Erica, Helderberg, Huis Neethling, Nemesia en Serruria |
| **Rubix** | Heemstede, Metanoia, Nerina, Pieke en Venustia |
| **Tygerberg** | Hippokrates, Huis Francie van Zijl, Huis Nkosi Johnson, Huis Ubuntu, Kerkenberg, Meerhoff en Osler |
| **Validus** | Academia, Concordia, Goldfields, Huis MacDonald, Huis Marais, Huis Visser, ISA, Lobelia, Nooitgedacht, Simonsberg en Olympus |
| **VicMeyr** | Aurora, Dagbreek, Huis ten Bosch, Lydia, Majuba en Minerva |
| **Victoria** | Harmonie, Huis de Villiers, Monica, Oude Molen, Silene en Wilgenhof |

## WHAT IS A CLUSTER?

**All Stellenbosch clusters will meet on Saturday 26 January from 09:00 – 13:00**

Newcomer students join a campus that has been organised into listening, learning and living communities (LLL). All the clusters, residences, Private Student Organisations (PSOs), mentor groups, tutor groups and the listening, learning and living houses for senior students form part of LLL. The purpose of LLL is to integrate the out-of-class experience with the in-class experience to ensure academic success and a well-rounded education for students.

**Clusters**
A cluster is made up of a number of residences and one or two PSO communities. Clusters play a significant role in the integration and support of new students on campus and ensure that students experience the University as a caring and nurturing place. They also integrate the university experience of residence students and students in private accommodation.

**Mentors**
Mentors are appointed to support new students in adjusting to university life and are allocated in cluster context. **Find out who your mentor is as soon as possible**. Clusters are increasingly used as a way of organising the University, for example, faculties tend to use clusters as a basis on which to form subject tutor groups.

The residences and the PSOs belong to one of six clusters on Stellenbosch campus. Tygerberg campus forms a seventh cluster.

**Cluster meeting (Stellenbosch campus only)**
Newcomer students meet from 09:00 – 13:00 on Saturday 26 January in their clusters to learn how their social integration at the University could support their academic success. Students will meet others in their cluster who follow the same programmes and learn how they could become involved in the ResEd initiative as well as how their mentors could assist them. In addition, they will be introduced to the academic support groups at the University, such as the Academic Affairs Council (AAC).

**Composition of clusters**

| | |
|---|---|
| **amaMaties** | Capri, Equité, Erica, Helderberg, Huis Neethling, Nemesia and Serruria |
| **Rubix** | Heemstede, Metanoia, Nerina, Pieke and Venustia |
| **Tygerberg** | Hippokrates, Huis Francie van Zijl, Kerkenberg, Meerhoff, Nkosi Johnson House, Ubuntu House and Osler |
| **Validus** | Academia, Concordia, Goldfields, Huis MacDonald, Huis Marais, Huis Visser, ISA, Lobelia, Nooitgedacht, Simonsberg and Olympus |
| **VicMeyr** | Aurora, Dagbreek, Huis ten Bosch, Lydia, Majuba and Minerva |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Wimbledon** | Aristea, Eendrag, Helshoogte, Irene, Huis Russel Botman, Sonop en Vesta | **Victoria** | Harmonie, Huis de Villiers, Monica, Oude Molen, Silene and Wilgenhof |
| | | **Wimbledon** | Aristea, Eendrag, Helshoogte, Irene, Russel Botman House, Sonop and Vesta |

| WAARVOOR STAAN PSO? | WHAT DOES PSO STAND FOR? |
| --- | --- |
| Een van die Universiteit Stellenbosch se sleutelfokusareas vir studente-ontwikkeling is die ko-kurrikulêre en buiteklas-ervaring. Die PSO's is geposisioneer om aan hierdie behoefte te voldoen en aan studente die geleentheid te bied om 'n gesonde en diverse Universiteitservaring te beleef. Alle studente wat nie van die universiteit se koshuisverblyf gebruik maak nie, is outomaties lede van 'n PSO – ongeveer 70% van die Universiteit se studente. Hierdie studente word verdeel in verskillende PSO's wat aan hulle al die geleenthede bied vir suksesvolle sosiale en akademiese integrasie op die kampus.<br><br>PSO's verskaf geen verblyf aan studente nie, maar PSO-studente kan o.a. hul studentekaarte gebruik om etes by 'n oop-koshuis-eetsaal in hul spesifieke kluster te bespreek en geniet. Binne 'n PSO word 'n mentor aan elke nuwe student toegeken wat hul met alle prosesse kan bystaan.<br><br>Daar is tien PSO's op Stellenbosch-kampus en een op Tygerberg-kampus. Indeling in een van die tien PSO's vind plaas in terme van die Universiteit se plasingsbeleid. Studente word per e-pos in kennis gestel van die spesifieke PSO waarby hulle ingedeel is. Inligting rakende die PSO-verwelkomingsprogram en waar hul ontmoet tydens verwelkoming, word ook per e-pos aan die studente gestuur. Die PSO's word gesamentlik deur die PSO-kantoor bestuur, wat binne die Sentrum vir Studentegemeenskappe in die Afdeling Studentesake geleë is. Studente kan nie van PSO verander nie. Jou indeling bly dus dieselfde vir die duur van jou universiteitsloopbaan.<br><br>Die PSO waarby die student ingedeel is, bepaal ook die kluster waaraan die student behoort. Indien jy geen inligting oor jou PSO-indeling ontvang het nie, kontak gerus die Kliëntediens by tel 021 808 9111 of **info@sun.ac.za**. Studente word ook aangemoedig om hulself te vergewis van die verpligte PSO-fooie soos dit jaarliks in die Universiteit Stellenbosch Studentegeldeboekie beskryf word. | One of Stellenbosch University's key focus areas for student development is the co-curricular and the out-of-class experience. The Private Student Organisations (PSOs) have been positioned in order to fulfil this need and to give students the opportunity to have a wholesome and diverse University experience. All students who do not make use of the university's residence accommodation are automatically members of a PSO – approximately 70% of the University's students. These students are divided in different PSOs which provide them with all the opportunities for successful social and academic integration on campus<br><br>The PSO community does not provide accommodation for members, but amongst others PSO students can use their student cards to book and enjoy meals at an open residence dining hall in their particular cluster. The PSO assigns a mentor to each new student who can assist them with all these processes.<br><br>There are ten PSOs on Stellenbosch campus and one on Tygerberg campus. New students are divided into a PSO in accordance with the University's placement policy. Students are notified about their PSO allocation via email and will also receive information regarding their PSO's welcoming programme as well as their meeting points during welcoming. The PSOs are jointly managed by the PSO Office which is situated within the Centre for Student Communities in the Division Student Affairs. Students are not permitted to change PSOs and as such their allocation remains for the duration of their University journey.<br><br>The PSO to which a student has been allocated also determines the cluster to which that student belongs to. Should you not receive any notification of your PSO allocation, please contact Client Services on tel 021 808 9111 or **info@sun.ac.za.** Students are also encouraged to familiarise themselves with the compulsory PSO fees as depicted annually in the Stellenbosch University Student Fees Booklet. |